# STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3370 — REGULATION GAZETTE No. 3370

PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — BUITELANDS 40c ABROAD — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

Vol. 199] PRETORIA, 29 JANUARIE JANUARY 1982 [No. 8009


## GOEWERMENTSKENNISGEWING

## DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

No. R. 173 29 Januarie 1982

PRYSBEHEER

MAKSIMUM PRYSE VAN STEENKOOL

Ek, Elias George de Beer, Pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), bepaal hierby, met ingang van 1 Februarie 1982, soos volg:

1. Die maksimum pryse waarteen die produsente van steenkool in Natal asook Spitzkop Steenkoolmyn hulle steenkool (uitgesonderd smidsteenkool, antrasiet, gassteenkool en steenkool wat in metallurgiese en chemiese prosesse gebruik word) aan enigeen mag verkoop, is soos volg:

(a) Newcastle Platberg Steenkoolmyn: 2 342,0c per metrieke ton;

(b) Natal Cambrian Steenkoolmyn: 2 212,0c per metrieke ton;

(c) Hlobane Steenkoolmyn: 2 182,0c per metrieke ton;

(d) Northfield Steenkoolmyn: 2 273,0c per metrieke ton;

(e) Zimbutu Steenkoolmyn: 2 122,0c per metrieke ton;

(f) Umgala Steenkoolmyn: 2 132,0c per metrieke ton;

(g) Spitzkop Steenkoolmyn: 1 914,0c per metrieke ton:

Met dien verstande dat—

(i) wanneer steenkool in ertjiegrootte gegradeer word die steenkoolmyn 'n bedrag van hoogstens 100c per metrieke ton kan byvoeg:

(ii) wanneer steenkool in klein-neutgrootte gegradeer word die steenkoolmyn 'n bedrag van hoogstens 100c per metrieke ton kan byvoeg;

(iii) 'n diskonto van 113c per metrieke ton ten opsigte van stofsteenkool toegelaat word; en

(iv) wanneer steenkool per spoor aan die koper of aan die order van die koper vervoer word, die maksimum prys vry-op-spoor steenkoolmyn is.

## GOVERNMENT NOTICE

## DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

No. R. 173 29 January 1982

PRICE CONTROL

MAXIMUM PRICES OF COAL

I, Elias George de Beer, Price Controller, acting under the powers vested in me by section 4 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), do hereby prescribe, with effect from 1 February 1982 as follows:

1. The maximum prices at which the producers of coal in Natal as well as Spitzkop Colliery may sell their coal (excluding smithy coal, anthracite, gas coal and coal used in metallurgical and chemical processes) to any person, are as follows:

(a) Newcastle Platberg Colliery: 2 342,0c per metric ton;

(b) Natal Cambrian Colliery: 2 212,0c per metric ton;

(c) Hlobane Colliery: 2 182,0c per metric ton;

(d) Northfield Colliery: 2 273,0c per metric ton;

(e) Zimbutu Colliery: 2 122,0c per metric ton;

(f) Umgala Colliery: 2 132,0c per metric ton;

(g) Spitzkop Colliery: 1 914,0c per metric ton:

Provided that—

(i) when coal is graded into pea size, the colliery may add an amount not exceeding 100c per metric ton;

(ii) when coal is graded into small nut size, the colliery may add an amount not exceeding 100c per metric ton;

(iii) a discount of 113c per metric ton is allowed in respect of duff coal;

(iv) where any coal is railed to or to the order of the buyer, the maximum price shall be free on rail colliery.

2. Die maksimum prys waarteen 'n produsent (uitgesonderd Spitzkop Steenkoolmyn) van Transvaalse of Oranje-Vrystaatse steenkool sodanige steenkool (uitgesonderd smidsteenkool, antrasiet, gassteenkool en steenkool wat in metallurgiese en chemiese prosesse gebruik word) aan enigeen mag verkoop, is soos volg:

Steenkool met 'n hittewaarde op 'n lugdroë basis van—

(a) minder as 25,5 MJ/kg (Graad D), 1 153,5c per metrieke ton;

(b) 25,5 maar minder as 26,5 MJ/kg (Graad C), 1 199,5c per metrieke ton:

(c) 26,5 maar minder as 27,5 MJ/kg (Graad B), 1 245,5c per metrieke ton; en

(d) 27,5 maar minder as 28,5 MJ/kg (Graad A), 1 291,5c per metrieke ton:

Met dien verstande dat—

(i) wanneer steenkool in ertjiegrootte gegradeer word die steenkoolmyn 'n bedrag van hoogstens 100c per metrieke ton kan byvoeg;

(ii) wanneer steenkool in klein-neutgrootte gegradeer word die Steenkoolmyn 'n bedrag van hoogstens 100c per metrieke ton kan byvoeg;

(iii) 'n diskonto van 113c per metrieke ton ten opsigte van stofsteenkool toegelaat word;

(iv) wanneer steenkool by die steenkoolmyn op padvoertuie gelaai word, die steenkoolmyn 'n bedrag van hoogstens 11c per metrieke ton by die prys wat by die mynskaghoof gevorder word kan byvoeg; en

(v) wanneer steenkool per spoor aan die koper of aan die order van die koper vervoer word, die maksimum prys vry-op-spoor steenkoolmyn is.

3. Die maksimum prys waarteen enigeen wat steenkool by die trokvrag verkoop, sodanige steenkool aldus kan verkoop, is die steenkoolmyn se netto faktuurprys van die steenkool, plus 16c per metrieke ton.

4. Behoudens die bepalings van regulasie 3 hiervan is die maksimum prys waarteen enigeen (uitgesonderd 'n steenkoolprodusent) steenkool aan enigiemand anders mag verkoop—

(a) (i) in die geval van Transvaalse en Oranje-Vrystaatse steenkool (uitgesonderd steenkool van die Spitzkop Steenkoolmyn), die prys per 90 kg wat die verkoper gewoonlik gedurende Januarie 1982 vir steenkool gevra het, plus 13c per 90 kg; en

(ii) in die geval van Natalse steenkool asook steenkool van die Spitzkop Steenkoolmyn, die prys per 40 kg wat die verkoper gewoonlik gedurende Januarie 1982 vir steenkool gevra het; plus 7c per 40 kg; of

(b) indien enigiemand nie voor die datum van hierdie kennisgewing steenkool verkoop het nie, die prys wat gewoonlik deur enige verkoper in dieselfde of naaste gebied gevra word.

5. Waar steenkool deur enigeen (uitgesonderd 'n steenkoolprodusent) in hoeveelhede van minder as 90 kg of 40 kg, na gelang van die geval, aan enigiemand anders verkoop word, staan die maksimum prys van sodanige kleiner hoeveelhede in verhouding tot—

(a) in die geval van Transvaalse en Oranje-Vrystaatse steenkool (uitgesonderd steenkool van die Spitzkop Steenkoolmyn), in verhouding tot die prys per 90 kg wat kragtens regulasie 4 (a) (i) bepaal word; en

(b) in die geval van Natalse steenkool asook steenkool van die Spitzkop Steenkoolmyn, in verhouding tot die prys van 40 kg wat kragtens regulasie 4 (a) (ii) bepaal word.

6. Hierdie regulasie is in die Republiek van toepassing.

7. Goewermentskennisgewing R. 167 van 30 Januarie 1981 word hierby ingetrek.

E. G. DE BEER, Pryskontroleur.

2. The maximum price at which any producer (excluding Spitzkop Colliery) of Transvaal or Orange Free State coal may sell such coal (excluding smithy coal, anthracite, gas coal and coal used in metallurgical and chemical processes) to any person is as follows:

Coal of a calorific value on an air dry basis of—

(a) less than 25,5 MJ/kg (Grade D), 1 153,5c per metric ton;

(b) 25,5 but less than 26,5 MJ/kg (Grade C), 1 199,5c per metric ton;

(c) 26,5 but less than 27,5 MJ/kg (Grade B), 1 245,5c per metric ton; and

(d) 27,5 but less than 28,5 MJ/kg (Grade A), 1 291,5c per metric ton:

Provided that—

(i) when coal is graded into pea size, the colliery may add an amount not exceeding 100c per metric ton;

(ii) when coal is graded into small nut size, the colliery may add an amount not exceeding 100c per metric ton;

(iii) a discount of 113c per metric ton is allowed in respect of duff coal;

(iv) when coal is loaded at the colliery into road vehicles the colliery may add an amount not exceeding 11c per metric ton to the pithead price of the coal; and

(v) where any coal is railed to or to the order of the buyer, the maximum price shall be free on rail colliery.

3. The maximum price at which any person who sells coal by the truck-load, may thus sell such coal, is the colliery's net invoiced price of the coal, plus 16c per metric ton.

4. Save as provided in regulation 3 hereof, the maximum price at which any person (other than a producer of coal) may sell any coal to any other person is—

(a) (i) in the case of Transvaal and Orange Free State coal (excluding coal from Spitzkop colliery), the price per 90 kg ordinarily charged during January 1982 plus 13c per 90 kg; and

(ii) in the case of Natal coal as well as coal from Spitzkop Colliery, the price per 40 kg ordinarily charged during January 1982 plus 7c per 40 kg; or

(b) if any person did not sell coal prior to the date of this notice the price ordinarily charged by any seller in the same or nearest locality.

5. Where coal is sold by any person (other than a producer of coal) to any other person in quantities of less than 90 kg or 40 kg, as the case may be, the maximum price of such smaller quantities is proportionate to—

(a) in the case of Transvaal and Orange Free State coal (excluding coal from Spitzkop Colliery), the price per 90 kg determined in terms of regulation 4 (a) (i) hereof; and

(b) in the case of Natal coal as well as coal from Spitzkop Colliery, the price per 40 kg determined in terms of regulation 4 (a) (ii) hereof.

6. These regulations apply in the Republic.

7. Government Notice R. 167 of 30 January 1981 is hereby withdrawn.

E. G. DE BEER, Price Controller.

# INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| **Mineraal en Energiesake, Departement van** | | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | | |
| R. 173 | Wet op Prysbeheer (25/1964): Maksimum pryse van steenkool | 1 | 8009 |


# CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| **Mineral and Energy Affairs, Department of** | | | |
| *Government Notice* | | | |
| R. 173 | Price Control Act (25/1964): Maximum prices of coal | 1 | 8009 |

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker,
Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Printed by and obtainable from the Government Printer,
Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

8009—1